SA MEDIA
Die Universiteit van die Vrystaat

Bron 0 1 0 1 3 | Datum 0 0 0 7 0 6 1 8 8 | Onderwerp 8 1 | Knipsel 6 8 5 7

Beeld P 1 Datum 6 Julie 2000

# Nuwe deurbraak vir SA op buitelandse kapitaalmark

Hein Swart

Kaapstad. – Die departement van finansies het 'n nuwe deurbraak op die internasionale kapitaalmark gemaak deurdat hy 'n lening van byna R2 miljard by 'n buitelandse langtermyn-versekeringsgroep geplaas het.

Dit maak deel uit van die regering se leningsprogram van R20,3 miljard vir die lopende jaar, waarvan R6,5 miljard in die buiteland geleen sal word. Die lening by die versekeringsmaatskappy is die eerste in sy soort ingevolge sy nuwe Europese middeltermyn-leningsprogram wat verlede jaar bekend gestel is.

Ingevolge dié strategie is die regering in staat om die Europese kapitaalmark op kort kennisgewing vinnig en goedkoop te tap sodra die behoefte aan kapitaal ontstaan, selfs binne enkele ure nadat so 'n besluit geneem is.

Dit skakel die omslagtige effekte-uitgiftes, wat met tydrowende prosesse en ingewikkelde dokumente gepaardgaan, heeltemal uit. As sodanig verteenwoordig dit 'n algehele koersverandering in Suid-Afrika se buitelandse leningsprogram. Dit sal egter nie die tradisionele stelsel van buitelandse lenings vervang nie.

Hoewel dit die eerste lening ingevolge dié program by 'n private versekeraar is, het die departement reeds in Oktober verlede jaar die Europese kapitaalmark op dié manier betree nadat die program in April bekend gestel is.

Omdat dit 'n opportunistiese manier van geld leen is, sal die departement net daarvan gebruik maak as die marktoestande gunstig daarvoor is en 'n goeie geleentheid hom sou voordoen.

Die departement sê in 'n verklaring dat so 'n geleentheid hom pas voorgedoen het. Altesame R1,96 miljard is by die betrokke maatskappy "teen 'n baie gunstige rentekoers" geleen.

'n Woordvoerder van die departement wou nie die koers bekend maak nie, asook nie die maatskappy se naam nie.

Afgesien van dié lening, het die regering verlede maand nog R2,69 miljard geleen deur die uitreiking van staatseffekte op die binnelandse mark. Netto korttermynlenings het met R714,8 miljoen afgeneem nadat nog R88,9 miljoen as 'n verdere paaiement van Sasria ontvang is.

Die hele opbrengs uit Sasria, wat in totaal R6,2 miljard sal bedra, word vir die aflossing van staatskuld aangewend. Sowat R5,9 miljard hiervan is reeds ontvang. Die res sal later in die lopende jaar aan die staat oorbetaal word.

Plaaslike lenings van R7,55 miljard en buitelandse lenings van R1,96 miljard is afgelos. Laasgenoemde is juis deur die nuwe lening van die buitelandse versekeringsmaatskappy vervang nadat dit verlede maand verval het.

Die vorige lening is in Japannese jen beklink. Die nuwe lening is eweneens in jen. Dit verval op 1 Junie 2020.

TREFWOORDE
1 Sake Beeld
2 Dept Finansies
3 Suid-Afrika
4 Lenings
5 maatskappye
6 versekering
7 Buiteland
8
9
10